

NestEgg CAPITAL

maandelikse markoorsig

& jy

JULIE in oorsig 2026

In hierdie uitgawe

Hernude spanning tussen die Verenigde State en Iran het wêreldnuus oorheers.

Kunsmatige intelligensie het gedurende die maand steeds 'n dominante beleggingstema gebly.

Die Big Mac-indeks op 40: Die wêreld se bekendste ekonomiese grap.

Ekonomiese- en markoorsig



Hernude spanning tussen die Verenigde State en Iran het wêreldnuus oorheers. Kommer oor skeepsverkeer deur die Straat van Hormuz het tot voortgesette wisselvalligheid in oliemarkte gelei en kommer oor die kwesbaarheid van wêreldwye voorsieningskettings en energie-sekerheid verhoog. Hoewel spanning later in die maand ietwat afgeneem het, bly die streek 'n beduidende bron van geopolitieke risiko.

Die Amerikaanse Federale Reserweraad het rentekoerse onveranderd op 3,50% tot 3,75% gelaat. Beleidsmakers het egter 'n meer konserwatiewe toon ingeslaan as wat markte verwag het, wat daartoe gelei het dat beleggers hul verwagtinge vir rentekoersverlagings op die kort termyn afwaarts aangepas het. Dit versterk die siening dat rentekoerse waarskynlik vir langer op hoër vlakke kan bly.

In 'n ietwat onverwagse besluit het die Suid-Afrikaanse Reserwebank ook die repokoers gedurende Julie onveranderd gelaat. Hoewel inflasie oor die algemeen onder beheer is, het die Bank voortgesette risiko's wat wêreldwye onsekerheid, energiepryse en wisselkoersbewegings insluit, beklemtoon en gevolglik 'n versigtige benadering tot monetêre beleid gevolg. Suid-Afrika staar steeds strukturele ekonomiese uitdagings in die gesig, insluitend swak ekonomiese groei, infrastruktuurbeperkings en fiskale druk. Nieteenstaande die uitdagings trek die land steeds voordeel uit 'n aansienlik meer stabiele elektrisiteitsomgewing as tydens die hoogtepunt van beurtkrag.

Die Europese Sentrale Bank het steeds inflasiebeheer geprioritiseer ondanks gedempte ekonomiese groei in groot dele van die Eurosone. Beleidsmakers bly steeds gefokus om stadiger groei te balanseer met die doelwit om prysstabiliteit te handhaaf.

Japan het sy geleidelike uittrede uit dekades van uiters akkommoderende monetêre beleid voortgesit. Die Bank van Japan se beleidskoers is nou op die hoogste vlak sedert die 1990's, wat toenemende vertroue weerspieël in die volhoubaarheid van inflasie en stygings in lone.

Wêreldwye ekonomiese vooruitsigte bly broos. Hoewel die afname in oliepryse vanaf hul Junie-hoogtepunte 'n mate van verligting gebring het, waarsku ekonome steeds dat geopolitieke risiko's, hoë skuldvlakke en verlangsaming in handelsgroei, ekonomiese aktiwiteit in die jare wat voorlê kan beperk.

Kunsmatige intelligensie (KI) het gedurende die maand steeds 'n dominante beleggingstema gebly. Beleggers het egter meer selektief begin raak namate vrae ontstaan het oor of die wesenlike kapitaalbesteding aan KI-infrastruktuur voldoende opbrengste vir aandeelhouers lewer.

Markprestasie

Wêreldmarkte het gedurende Julie gemengde prestasies gelewer namate beleggers die impak van veerkragtige ekonomiese aktiwiteit teen verhoogde geopolitieke spanning en veranderende rentekoersverwagtinge opgeweeg het. In die Verenigde State het die S&P 500 die maand feitlik onveranderd afgesluit met 'n daling van 0,1%, terwyl die tegnologie-gedrewe Nasdaq 100 met 6,6% teruggesak het nadat beleggers winste geneem het in verskeie van die mark se voorste KI-verwante aandele. Die Dow Jones Indeks het met 0,3% gestyg, ondersteun deur sterker vertonings uit die finansiële, nywerheids- en energiesektore.

Europese markte het oor die algemeen positiewe opbrengste gelewer ondanks 'n uitdagende ekonomiese omgewing. Die Verenigde Koninkryk se FTSE 100 het ongeveer 3,6% gestyg, ondersteun deur die sterk prestasie van hulpbron- en energieaandele. Kontinentale Europese markte was ook oorwegend positief namate beleggers gefokus het op 'n verlangsaming in inflasie en stabiele korporatiewe verdienste.

Suid-Afrikaanse bates het gedurende die maand onder druk verkeer, maar steeds positiewe opbrengste gelewer. Die JSE Indeks van alle aandele het met net meer as 1% gestyg. Plaaslike effekte het 1,4% prysgegee, terwyl die rand sensitief gebly het vir veranderende wêreldwye rentekoersverwagtinge en verwikkelinge in energiemarkte. Vooruitskouend sal beleggers waarskynlik gefokus bly op inflasietendense, sentrale bank beleidsbesluite en geopolitieke ontwikkelings, wat steeds 'n wesenlike invloed op beleggingsmarkte wêreldwyd uitoefen.

Markindekse[1]	31 Julie 2026		
(Alle opbrengste in Rand tensy anders aangedui)	3 maande	12 maande	5 jaar[2]
SA aandele (FTSE/JSE indeks van alle aandele)	-2.8%	17.2%	14.5%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	7.3%	34.6%	19.0%
SA effekte (FTSE/JSE indeks van alle effekte)	3.0%	16.6%	11.9%
SA kontant (STeFI)	1.7%	7.1%	6.9%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	3.5%	10.6%	14.5%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	4.0%	25.4%	11.2%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	-1.8%	-7.0%	0.5%
Rand/dollar[3]	-0.9%	-8.5%	2.5%
Rand/sterling	-1.8%	-6.9%	1.8%
Rand/euro	-2.8%	-8.0%	1.9%
Goudprys (USD)	-12.3%	23.0%	17.4%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-21.0%	24.3%	3.4%

1. Bron: Factset
2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.
3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.



Die Big Mac-indeks op 40: Die wêreld se bekendste ekonomiese grap

"Min beleggingsaanwysers het veertig jaar, dosyne geldeenheidskrisisse en ontelbare dieetgiere oorleef."- Onbekend

In 1986 het *The Economist* iets bekendgestel wat oorspronklik bedoel was as 'n ligsinnige illustrasie van 'n ernstige ekonomiese konsep. Veertig jaar later het die Big Mac-indeks ontwikkel tot een van die bekendste maatstawwe in wêreldfinansies en verskyn dit gereeld in ekonomiehandboeke, akademiese studies en talle beleggingsaanbiedings. Wat begin het as 'n slim tydskrif grafika, het ontwikkel tot 'n verrassend nuttige hulpmiddel om geldeenhede en koopkrag beter te verstaan.

Vir die meeste van ons wat nie ekonome is nie, lê die blywende aantrekkingskrag van die Big Mac-indeks in sy eenvoud. In plaas daarvan om duisende goedere en dienste tussen lande te vergelyk, vra dit bloot een vraag:

Hoeveel kos 'n Big Mac?

Die Big Mac-indeks is gegrond op die ekonomiese konsep van Koopkragpariteit *(Purchasing Power Parity of PPP)*. Volgens PPP behoort wisselkoerse oor die lang termyn aan te pas sodat identiese goedere min of meer dieselfde kos regoor die wêreld. Indien 'n mandjie goedere aansienlik meer in die een land kos as in 'n ander, behoort wisselkoerse uiteindelik te beweeg om dié verskil te verklein. *The Economist* se innoverende idee was om 'n ingewikkelde mandjie goedere te vervang met 'n enkele produk wat wêreldwyd verkoop word.

'n Big Mac is gekies omdat:

- Dit in dosyne lande verkoop word.
- Die produk relatief gestandaardiseerd is.
- Die prys 'n wye reeks plaaslike koste insluit, soos arbeid, huur, bestanddele, vervoer, bemarking en belasting.

Byvoorbeeld, indien 'n Big Mac $6,22 in die Verenigde State kos, maar die ekwivalent van slegs $2,42 in Taiwan, dui die indeks daarop dat die Taiwanese dollar moontlik onderwaardeer is teenoor die Amerikaanse dollar.

Die indeks is deur Pam Woodall, destyds 'n redakteur by *The Economist*, ontwikkel en het die eerste keer in September 1986 verskyn. Volgens berigte het Woodall die idee as 'n eureka-oomblik beskryf wat ontstaan het terwyl sy gewonder het hoe wisselkoersteorie op 'n meer toeganklike manier verduidelik kan word.

Die konsep het onmiddellik aanklank gevind omdat dit 'n abstrakte ekonomiese teorie omskep het in iets wat lesers letterlik in hul hande kon hou. Soos *The Economist* later erken het, was "burgernomics" nooit bedoel as 'n streng waardasiemodel nie. Dit was bloot 'n manier om wisselkoersteorie makliker verstaanbaar te maak.

Die gewildheid van die Big Mac-indeks berus op drie belangrike sterkpunte.

1. Dit maak ekonomie maklik verstaanbaar

Die meeste mense vind dit moeilik om hulle te vereenselwig met gesprekke oor effektiewe wisselkoerse, inflasieverskille of PPP. Byna almal verstaan egter die prys van 'n hamburger. Die indeks het 'n komplekse ekonomiese konsep omskep in 'n gesprek wat rondom 'n etenstafel gevoer kan word eerder as in 'n universiteits lesingsaal.

2. Dit gebruik werklike data

Anders as teoretiese modelle, steun die Big Mac-indeks op werklike pryse wat verbruikers betaal. Die prys van 'n Big Mac weerspieël plaaslike ekonomiese omstandighede, insluitend lone, huur, belasting en bedryfskoste. In dié opsig bied dit 'n tasbare aanduiding van 'n geldeenheid se koopkrag.

3. Dit was dikwels verrassend insiggewend

Hoewel die indeks eenvoudig is, het dit gereeld geldeenhede uitgewys wat aansienlik oor- of onderwaardeer gelyk het. Oor lang tydperke het verskeie geldeenhede wat volgens die indeks verkeerd geprys was, uiteindelik nader beweeg aan hul geïmpliseerde PPP-waardes, al was die tydsberekening daarvan onmoontlik om te voorspel.


Hoe interessant die Big Mac-indeks ook al is, moet dit nie as 'n voorspellingsinstrument beskou word nie. Een van die grootste tekortkominge is dat Big Macs hoofsaaklik plaaslik vervaardig en verbruik word. Anders as goud, olie of halfgeleiers kan hamburgers nie maklik oor landsgrense verhandel word om voordeel uit prysverskille te trek nie. Niemand stuur bevrore Big Macs van Indonesië na Switserland om wins uit prysverskille te maak nie.

Nog 'n faktor wat die waarde daarvan as ekonomiese maatstaf beïnvloed, is dat 'n groot deel van 'n Big Mac se koste uit arbeid en huur bestaan. Lande met laer lone het dus natuurlik goedkoper hamburgers. Dit beteken dat 'n goedkoop Big Mac net soveel oor 'n land se inkomstevlakke kan verklap as oor die waardasie van sy geldeenheid. In reaksie op dié kritiek het The Economist later 'n BBP-aangepaste Big Mac-indeks bekend gestel wat poog om vir verskille in inkomstevlakke tussen lande voorsiening te maak.

Verbruikersvoorkeure verskil ook van land tot land. 'n Big Mac is nie oral ewe gewild nie. Belasting, regulasies, mededinging, plaaslike smake en markposisionering kan pryse beïnvloed, onafhanklik van wisselkoerse. In sommige lande is McDonald's 'n gewone kitskosopsie, terwyl dit in ander lande nader aan 'n premium eetervaring beskou word.

Miskien is die grootste les vir beleggers dat geldeenhede vir baie lank ooglopend oor- of onderwaardeer kan bly. Selfs al dui "burgernomics" daarop dat 'n geldeenheid 30% onderwaardeer is, beteken dit nie noodwendig dat dit binnekort, of selfs ooit, sal versterk nie. Kapitaalvloei, rentekoerse, politieke ontwikkelinge en beleggersentiment het dikwels 'n groter invloed oor die kort- en mediumtermyn. Volgens die Big Mac-indeks is die rand trouens reeds vir minstens die afgelope 26 jaar onderwaardeer teenoor die Amerikaanse dollar, soos *The Economist* in die grafiek hiernaas aandui.

JULY 2026 A Big Mac costs R56.90 in South Africa and US$6.22 in the United States. The implied exchange rate is 9.15. The difference between this and the actual exchange rate, 16.32, suggests the South African rand is 44% undervalued.



Bron: McDonald's; LSEG Workspace; IMF; Eurostat; LebaneseLira.org; Banque du Liban; *The Economist*

Hierdie "ekonomiese grap" het oor die afgelope 40 jaar tot verskeie interessante ontwikkelings gelei:

***The Economist* het 'n splinternuwe woord geskep**

Die sukses van die indeks het aanleiding gegee tot die term "burgernomics", wat vandag algemeen gebruik word om te verwys na die gebruik van alledaagse produkte om ekonomiese konsepte te verduidelik.

Dit het talle navolgers geïnspireer

Oor die jare het ekonomiese kenners en joernaliste soortgelyke indekse ontwikkel wat op Starbucks-koffies, Apple iPhones en selfs IKEA-boekrakke gebaseer is. Geen hiervan het egter dieselfde wêreldwye erkenning of lang lewe as die Big Mac-indeks behaal nie.

Switserland is byna altyd duur

Een van die mees volgehoue bevindings oor die afgelope vier dekades is die oënskynlike oorwaardering van die Switserse frank. In die 2026-uitgawe het 'n Switserse Big Mac die ekwivalent van ongeveer $9,04 gekos, wat dit een van die duurste hamburgers ter wêreld maak.

Die goedkoopste hamburgers word gewoonlik in Asië aangetref

Die 2026-ranglys het getoon dat Indonesië en Taiwan van die goedkoopste plekke is om 'n Big Mac te koop wanneer pryse na Amerikaanse dollar omgeskakel word. Dit beklemtoon die beduidende verskille in koopkrag tussen lande.

Die grootste ironie is moontlik dat 'n rubriek wat oorspronklik bedoel was as 'n half-humoristiese tydskrif grafika, uiteindelik die onderwerp van tientalle akademiese navorsingsartikels geword het en vandag gereeld in ekonomiehandboeke aangehaal word. Dit word egter die beste beskou as 'n vertrekpunt eerder as 'n finale antwoord.

Die indeks herinner beleggers daaraan dat geldeenhede uiteindelik hul waarde ontleen aan wat daarmee in die werklike wêreld gekoop kan word. Dit beklemtoon ook hoe markwisselkoerse vir lang tydperke aansienlik van onderliggende koopkrag kan afwyk.

Veertig jaar ná sy ontstaan bly die indeks relevant, nie omdat dit geldeenheidsbewegings voorspel nie, maar omdat dit 'n tydlose beleggingsles illustreer: prys en waarde is nie altyd dieselfde nie. Of 'n belegger nou 'n geldeenheid, 'n aandeel of selfs 'n hamburger evalueer, die vermoë om dié onderskeid te verstaan, bly een van die grondbeginsels van suksesvolle belegging.

Jy het waarskynlik nou behoorlik honger geword ná al hierdie leeswerk. Miskien is dit tyd vir daardie Big Mac!